

1	GEBED
----------	--------------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] JESAJA 1 – 4
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Jesaja 1 -4). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] (13) ROMEINE 10:9-10
----------	--

Repeteer twee aan twee.

(13) Romeine 10:9-10. As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygepreek; en met die mond bely ons, en word gered.

4	ONDERRIG (85 minute) [DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE OORHAASTIGE BOUER EN DIE VERMETELE KONING
----------	--

**“Die gelykenis van die oorhaastige bouer” in Lukas14:28-30
en “die gelykenis van die vermetele koning “ in Lukas14:31-33 is gelykenisse oor
DISSIPELSKAP IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

A. DIE GELYKENIS VAN DIE OORHAASTIGE BOUER

Lees Lukas14:25-30.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die toring. Die toring is waarskynlik ’n wagtoring in ’n wingerd en dien verder as opbergplek (Jesaja 5:2). Dit kan ook ’n boerdery (opstal) wees.

Die koste bereken. Elke goeie sakeman gaan eers sit om die koste vir die projek te bereken.

Almal wat dit sien. Toeskouers is berug daarvoor om met ’n ernstige saak die spot te dryf en mense af te kraak, veral as hulle faal.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* waaronder die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 14:25-27.

Jesus was onderweg (op pad) na Jerusalem (Lukas 9:51) en het deur Perea gereis. Hy het 'n skare oor dissipelskap toegesprek. Elkeen wat graag 'n dissipel van Jesus Christus wou word, moet besef dat daar kostes ('n prys) aan dissipelskap verbonde is. Dit was nie Jesus wat die kostes moes bereken of Hy sy taak wel sou kon voltooi nie, want Hy het al geweet dat Hy vir die sondes van mense sou moes sterf. Hy het ook geweet dat die koninkryk van God alleen voltooi sou word met die hulp van ware dissipels, nie met naam-Christene (oppervlakkige volgelinge) nie. Sulke mense moet die prys vir dissipelskap eers bereken. Dit is ook die konteks van die gelykenis.

Wat Jesus oor dissipelskap leer in die konteks is die volgende:

Alle ware Christene sou dissipels van Jesus Christus moet word. In Handeling 11:26 staan dat die dissipels (gelowiges) vir die eerste keer in Antiogië (Sirië) "Christene" genoem is. Ons moet nie 'n skerp verskil maak tussen "n Christen" en "n dissipel" van Christus nie. Jesus Christus het nie verskillende klasse van Christene geïntroduseer nie, asof 'n dissipel 'n hoër klas volgelinge was as 'n gewone Christen!

Die verwarring ontstaan meestal waar bepaalde mense tradisioneel hulself "Christen" noem, terwyl geen van die kenmerke van 'n dissipel in hul lewens sigbaar is nie! Hulle is in feite alleen maar "Christen" in naam en nie in die praktyk nie en dus nie ware Christene nie!

Aan die begin van die Nuwe-Testamentiese periode word alle mense wat regtig in Jesus Christus glo, "dissipels" genoem. En selfs toe al het Jesus onderskeid gemaak tussen wie ware dissipels was en wie nie (Johannes 6:60-69). In die boek Handeling het 'n mens "n dissipel" geword wanneer hy in Jesus Christus begin glo het (Handeling 9:26; 13:48-52). Sommige van hierdie dissipels was nog geestelik onvolwasse en het onderlinge onenigheid veroorsaak (Handeling 6:1-2), terwyl andere dissipels al geestelik volwasse was, soos byvoorbeeld Timoteus (Handeling 16:1-2).

Die spesifieke kenmerke van 'n dissipel word baie duidelik deur Jesus Christus in die vier Evangelies geleer (Matteus 10:24-25; 13:52; 28:19-20; Lukas 6:40; 14:26-27,33; Johannes 8:31-32; 13:34-35; 15:5-8). Dit is die bedoeling van Jesus Christus dat almal wat deur God se genade in Hom glo hierdie kenmerke van "n dissipel" of "n volwasse Christen" sal hê.

'n Dissipel is 'n volgelinge van Jesus Christus. Jesus het verskillende soorte mense geroep om sy volgelinge te word. Hy het gesê, "Kom en sien!" En: "Volg My!" Sy roeping tot dissipelskap het geen sosiale grense gehad nie. Onder sy volgelinge was sondige vissers, soos Petrus, Jakobus en Johannes, 'n politieke yweraar soos Simon en 'n veragte tollenaar soos Matteus. Die roeping tot dissipelskap was 'n roeping om saam "met Hom" te wees waar Hy ook al gegaan het. Die sterk en direkte indruk van die persoonlikheid van Jesus Christus, saam met sy kragtige onderrig, het hulle gedring om Hom te volg (Johannes 1:35-51; Lukas 5:1-11; Markus 3:13-15).

'n Dissipel is 'n leerling van Jesus Christus. 'n Dissipel leer deur te observeer, te luister en na te boots. Hy leer terwyl hy Jesus Christus volg. Hy observeer die lewe en taak van Jesus van naby. Hy leer uit sy onderrig en sy voorbeeld. Hy leer om die onderrig toe te pas en so ervaring op te doen (Johannes 13:13-15; Matteus 4:23; Handeling 4:13; Filippense 4:9-12).

Die eerste kenmerk van 'n ware dissipel van Jesus Christus is dat hy alle ander verhoudings "haat". Jesus sê, "As iemand na My toe kom, en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie" (Lukas 14:26)(OAV). Dit beteken dat vir 'n dissipel om volkome toegewy te wees aan Jesus Christus hy sy familie en homself moet "haat". Dit beteken nie dat hy sy familie moet haat in die sin van nie meer van hulle hou nie, hulle verag, 'n afsku aan hulle hê, hulle verwerp en vergeet nie. Die Bybel beveel Christene om vir hul ouers te sorg, hul vrou lief te hê, hul kinders op te voed in die onderwysing en teregwysing van die Here en hul naaste lief te hê soos hulle hulself liefhet.

Die woord "haat" (Grieks: miseó) beteken hier "minder voorkeur gee" soos die parallel in Matteus 10:37 aantoon: "Hy wat sy vader of moeder liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie." As daar 'n konflik is tussen 'n familielid en Christus, en die keuse is tussen "'n familielid te gehoorsaam" of "Christus te gehoorsaam", dan moet die wens (versoek, eis) van die familielid, hoe vurig ook al, verwerp word! Die hoogste lojaliteit van 'n dissipel moet aan Jesus Christus wees en geen ander verhouding mag dit ooit verplaas nie! Die dissipel verkies Jesus Christus so onvoorwaardelik as sy Heer (Koning) en Leidsman dat hy alle andere lojaliteite en verhoudings onderwerp aan sy lojaliteit en toewyding aan Jesus Christus. Jesus Christus moet in alles die Eerste wees (Kolossense 1:18). Dus, 'n dissipel het Jesus Christus lief bo alle ander verhoudings. Hy verkies Jesus Christus bo sy ouers, sy eie gesin en selfs sy eie lewe.

Die tweede kenmerk van 'n ware dissipel van Jesus Christus is dat hy sy eie kruis dra.

Dit beteken dat 'n ware dissipel sy ambisies en veiligheid opoffer ter wille van Jesus Christus. Hy aanvaar die offer of lyding wat 'n toegewyde Christen moet bring wanneer hy afgewys, verwerp, bespot, onderdruk en vervolgd word. Dit is die betekenis van "jou eie kruis dra" (Lukas 14:26-27).

Op hierdie punt vertel Jesus Christus "die gelykenis van die oorhaastige bouer".

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 14:28-30.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis word nie gegee nie.

Dit moet dus uit die verhaal en die verband van die gelykenis afgelei word.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Bou van 'n toring (OAV). Dit is 'n relevante detail. Die bou van 'n toring is 'n groot projek. Dit kos baie geld, energie en tyd. In die konteks staan dit vir "iemand wat 'n dissipel van Jesus Christus word". Die besluit om 'n dissipel van Jesus Christus te word is baie belangrik. Dit beïnvloed sy finansiële situasie, sy verhoudings tot sy familie en dit kan die rigting van sy hele lewe verander!

Die koste bereken of hy die middele wel het om die werk te voltooi. Dit is 'n relevante detail, omdat dit die sentrale gedagte of belangrikste boodskap in die gelykenis is. Elke mens is verantwoordelik om eers die koste van dissipelskap te bereken, voordat hy 'n dissipel van Jesus Christus word. Hy moet besluit of hy wel gewillig is om aan Jesus Christus die eerste plek in sy lewe, in sy verhoudings, in sy planne en in sy besluite, ensovoorts te gee.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die oorhaastige bouer in Lukas 14:28-30 gaan oor "dissipelskap in die koninkryk van God."

De belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: "Elke mens is verantwoordelik om die koste van dissipelskap te bereken voordat hy Jesus Christus begin volg. Hy moet bereken voordat hy besluit. Hy moet kyk voordat hy spring."

Dissipelskap is één van die grondliggende kenmerke van God se koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk bereken die koste voordat hulle met hul hele lewe Jesus Christus begin volg en van Hom gaan leer. In hierdie verband moet 'n Christen veral die koste bereken met betrekking tot sy ouers, sy eie gesin en sy eie lewe, ambisies en verlangens. Miskien moet iemand wel kies teen sy ouers en familie of teen sy eie ambisies en veiligheid.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Matteus 6:25-34. Die koste van dissipelskap is om as eerste prioriteit die koninkryk van God en God se geregtigheid (ANV: die wil van God) te soek. Hy moet dit soek bo die najaag van materiële dinge soos voedsel, drank en kleding.

Matteus 10:37-39. Die koste van dissipelskap is om Jesus Christus meer lief te hê as jou ouers, vrou of kinders. Hy is bereid om die offer van 'n toegewyde Christen te bring wanneer hy afgewys, verwerp, bespot, onderdruk en vervolgd word. Dit is die keuse om jou lewe af te lê vir Jesus Christus en die uitbreiding van sy koninkryk.

Matteus 7:14; Johannes 16:33; 2 Timoteus 3:12. Elke mens moet die koste van dissipelskap bereken voordat hy hom aan dissipelskap toewy. Hy moet bereken voordat hy besluit. Hy moet kyk voordat hy spring! Die volg en navolg van Jesus Christus is nie eenvoudig nie, omdat dit is soos ingaan in die nou poort en klim langs die smal pad. Dit bring dikwels moeilikhede en vervolging met hom saam. Sommige mense volg Jesus Christus vir 'n rukkie, maar val dan af (Hebreërs 6:4-8; 1 Johannes 2:19), soos Judas (Johannes 6:70-71) en waarskynlik Demas (2 Timoteus 4:8,10; sien Matteus 7:22-23; Johannes 6:66). Maar ware gelowiges in Jesus Christus (Matteus 11:12) sal uiteindelik nooit permanent afval (afdwaal) nie (Johannes 10:27-28; Filippense 1:6; 2 Timoteus 2:19) selfs as hulle vir 'n periode struikel (Spreek 24:16), soos Petrus (Lukas 22:31-32; Johannes 21:15-17).

B. DIE GELYKENIS VAN DIE VERMETELE KONING

Lees Lukas 14:31-33.

Lukas 14:31-32 sê, “Of watter koning wat met ’n ander koning in ’n oorlog betrokke raak, sal nie eers gaan sit en oorweeg of hy met sy tien duisend man sterk genoeg is om die ander een teë te staan wat met twintig duisend teen hom optrek nie? Anders stuur hy ’n afvaardiging om vredesvoorwaardes te vra terwyl die ander een nog ver is.”

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Konings voer oorlog. Verslae oor konings wat oorlog gevoer het vul die geskiedenisboeke van die wêreld.

Die uitkoms van die oorlogstryd oorweeg. Dit is die belangrikste taak van ’n koning en sy generaals voordat hulle uittrek om oorlog te voer. Veral as hulle weet dat hulle in getalle oortref word. Hulle word gedwing om ’n besluit te neem: die stryd verloor of vredesvoorwaardes aan te vra.

’n Gesantskap stuur om vredesvoorwaardes aan te vra. Dit is ’n baie beter beslissing as om op oorlog uit te trek teen ’n leër wat in getalle dié van jou vêr oortref en jou vermoedelik ’n verpletterende nederlaag sou toedien!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Dese gelykenis het hetselfde verband as die gelykenis oor die oorhaastige bouer.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 14:25-30.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 14:31-32.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 14:33-35.

Die toepassing word in die verhaal geïmpliseer. As jy moet handel, handel dan op die verstandigste manier! As jy nie kan wen nie, sluit dan vrede!

Die onderrig van Jesus Christus oor dissipelskap is die volgende:

Die derde kenmerk van ’n ware dissipel van Jesus Christus is dat hy alles wat hy besit opgee (loslaat).

Dit beteken dat ’n ware dissipel heeltemal toegewy is aan Jesus Christus. Lukas 14:33 sê, “So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie.” Dus, ’n ware dissipel gee die voorkeur aan Jesus Christus bo al sy besittings, verhoudings en ambisies in hierdie wêreld. Hy is bereid enigiets en alles op te gee (los te laat) en enigiemand of alles vaarwel te sê ten einde Jesus Christus as dissipel te volg. ’n Ware dissipel laat nie toe dat liefde vir geld, sukses, roem, of mag hom diskwalifiseer om ’n dissipel van Jesus Christus te word nie.

As daar ’n konflik is tussen die najaag van materiële voordele, sukses, roem of mag enersyds en die navolg van Jesus Christus as sy dissipel andersyds, dan moet materialisme, sukses, roem en mag verwerp word. As die keuse is tussen geld maak en om Christus met jou hele hart te volg, dan moet die aantrekkingskrag van die materialisme en wêreldse sukses verwerp word. Die hoogste toewyding van ’n dissipel is aan Jesus Christus en geen ander toewyding mag in die weg daarvan staan nie!

Die vierde kenmerk van ’n ware dissipel van Jesus Christus is dat hy soos sout is.

Dit beteken dat ’n ware dissipel goeie invloed op sy maatskappy (samelewing) het. Lukas 14:34-35 sê, “Sout is ’n goeie ding, maar as sout verslaan (sy smaak verloor) het, waarmee sal dit weer sout gemaak word? Dit is nie eers bruikbaar vir die grond of vir die mishoop nie. Hulle gooi dit buitekant weg.” Sout is ’n substansie wat enersyds bederf teenwerk en andersyds smaak gee. Christen dissipels moet soos “sout” wees. Hulle bestry morele en geestelike verderf in hul maatskappy (samelewing) en hul woorde en gedrag is smaaklik (aangenaam) vir mense rondom hulle.

Sout wat smaakloos geword het, kan selfs nie meer as kunsmis gebruik word nie. Dit kan geen goed meer doen en word weggegooi en vertrap. Die formele wettiese godsdiens van die Fariseërs en Skrifgeleerdes wat soos ’n las op die skouers van mense gedruk het, was volkome waardeloos! Die mensgemaakte wette van godsdiens is soos smakelose sout! Hierdie mense is wel religieus, maar het geen goeie invloed op die maatskappy (samelewing) van Israel en ook nie op die maatskappy (samelewings) in die wêreld nie. Hulle word uit God se koninkryk gewerp (Matteus 8:12; 21:42-44)! Jesus waarsku sy toehoorders dat mense wat geregtigheid leer ken het en daarna hul harte teen die Heilige Gees verhard, nie meer instaat sal wees om hulle te bekeer nie (Matteus 12:32; Hebreërs 6:4-6; 10:26-31). Onwrikbare lojaliteit aan Jesus Christus is noodsaaklik en kan nie gerym word met die natuurlike verlangens van die sondige menslike natuur nie. Hy waarsku, “Wie ore het om te hoor, moet luister!” (Lukas 14:35; Openbaring 2:7). Dit beteken dat wanneer iemand die woorde van Jesus Christus hoor, hy nie moet uitstel nie, maar dadelik moet handel!

3. Bepaal welke besonderhede in die gelykenis relevant is.

Ontdek en bespreek. Watter besonderhede in die verhaal van hierdie gelykenis is werklik relevant?
Aantekeninge.

Jesus gee geen van die details enige besondere betekenis nie. Die details moet uitgelê word in verhouding tot die konteks.

'n Koning wat optrek om oorlog te voet teen'n ander koning. Dit is 'n essensiële en relevante detail. In die verband verteenwoordig “die eerste koning” die mens wat graag 'n dissipel van Jesus Christus wil word, dit wil sê, ek en jy. “Die tweede koning” met 'n baie groter leër verteenwoordig Jesus Christus!

Die eerste koning moet eers gaan sit om te beraadslaag of hy by magte is om teen die tweede koning met 'n baie groter leër op te trek. Dit is 'n essensiel en relevant detail, omdat dit die sentrale gedagte of belangrike boodskap van die gelykenis is. Elke koning of generaal moet eers sy kanse om die oorlog te wen oorweeg en sy strategie beplan, voordat hy die stryd aangaan.

Die eerste gelykenis leer dat die koning moet oorweeg/bereken. Die punt van die gelykenis is dat elke mens verantwoordelik is om 'n besluit te neem of hy 'n dissipel van Jesus Christus wil word of nie. Hy moet beseft dat Jesus Christus en sy weermag van ontelbare engele oneindig sterker as hy is!

Die tweede gelykenis leer dat die koning 'n besluit moet neem! Gaan hy Jesus Christus weerstaan of gaan hy homself aan Jesus Christus onderwerp! Hy moet handel! Hy moet goed nadink voordat hy spring. Maar hy moet spring! Hy moet dit nie uitstel nie, want die tweede koning is al onderweg! Jesus Christus is al onderweg na jou en Hy eis volledige onderwerping omdat Hy die Koning van alle konings is (Openbaring 17:12-14). Jy sal Hom teenkom by sy wederkoms, of eerder wanneer jy sterf! Jy moet kies en handel en nie uitstel nie! Niemand kan hierdie beslissende ontmoeting (konfrontasie) met Jesus Christus ontloop nie. Jy moet jou nou vrywillig aan Jesus Christus onderwerp of deur Hom vernietig word.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

Die gelykenis van die vermetele koning in Lukas 14:31-33 gaan oor “dissipelskap in die koninkryk van God.”

Die belangrikste boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Elke mens is verantwoordelik om 'n keuse te maak om 'n dissipel van Jesus Christus te word of nie. Hoewel hy moet oorweeg watter strategie die beste is, moet hy handel! Hoewel hy eers moet kyk voor hy spring, moet hy spring! Neutraliteit ten opsigte van Jesus Christus is onmoontlik!” Kies is die menslike antwoord op God se aanvanklike eis om die koste van dissipelskap te oorweeg en homself dan volledig aan sy heerskappy (koningskap) te onderwerp. Dit is wat dit beteken om Jesus Christus lief te hê met jou hele hart, siel, verstand en krag.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is meer as alleen maar om die koste en gevolge van jou keuse te oorweeg wanneer jy 'n keuse moet maak. Die keuse van die eerste koning was nie of hy sou aanval of neutraal sou bly nie, maar tussen om aangeval te word (want dit gaan sekerlik gebeur) of om vredesvoorwaardes te vra (omdat dit die enigste manier was om die teenaanval nog te vermy)!

Terwyl die oorhaastige bouer nog 'n keuse gehad het om te bou of nie te bou nie, word die eerste koning aangeval. Hy het nie die vryheid om vir neutraliteit te kies nie. 'n Keuse word op hom afgedwing! Hy moet kies! So moet elke mens kies en handel: Jesus Christus weerstaan of om homself aan Jesus Christus oor te gee en homself aan Hom te onderwerp. Neutraliteit ten opsigte van Jesus Christus is onmoontlik! Ongeag of iemand 'n godsdiens het of nie, hy moet kies en hy moet handel!

Alle mense word voortdurend aangeval deur hul eie sondige natuur in hulle (Romeine 7:14-25; Galasiërs 5:17), deur die bose anti-christelike wêreld rondom hulle (Johannes 15:18) en deur die satan en sy leër demone bo hulle (Efesiërs 6:12). Die sondige natuur lê aan die deur en sy begeerte gaan uit na die mens om hom te besit, te beheers en te vernietig (Genesis 4:7). Die sondige wêreld en sy aantrekkingskrag is baie sterk (1 Johannes 2:15-17; Lukas 8:14). En die satan gaan rond soos 'n brullende leeu, op soek na wie hy sou kan verslind (1 Petrus 5:8).

Maar ook Jesus Christus is op die aanval! Vanaf sy eerste koms na die wêreld om mense te red van die sonde, skuld, skande, bederf, mag en verslawing van die sonde kom Hy tot mense deur sy Woord, sy Gees en sy arbeiders (die verkondigers). By sy wederkoms kom Hy as finale Verlosser vir Christene, maar ook as finale Regter vir nie-Christene. Hy Self staan aan die deur van mense harte en klop. Hy wil graag binne kom (Openbaring 3:20). Dit alles dring die mens om 'n besluit te neem. Sy koms na die mens toe is onvermydelik en onweerstaanbaar (onkeerbare, onstuitbaar)! Die mens moet kies! Jesus sê: “Bekeer julle nou, anders kom Ek gou na julle toe en sal Ek daardie mense bestry met die swaard van my mond” (Openbaring 2:16). “Bekeer julle. As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos 'n dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie” (Openbaring 3:3).

Dissipelskap is één van die grondliggende kenmerke van God se koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk, aangeval deur hul eie sondige natuur in hulle, die anti-christelike vyande om hulle en die demoniese wêreld bo hulle enersyds en deur Jesus Christus andersyds, moet 'n beslissing neem! Hulle moet nadink wat hulle op gaan gee, los gaan laat, ens. ten einde nie langer nederlae te ly nie en onherstelbare geestelike en morele verliese te ly nie.

Die slegste strategie en mees dwase ding wat hulle kan doen is om te dink dat hulle neutraal kan bly en daarom nie 'n keuse hoef te maak nie! Die beste strategie en die verstandigste wat hulle kan doen, is om 'n beslissing te neem, 'n toewyding te maak. Dit is om versoen te word met God deur geloof in Jesus Christus en Jesus Christus al die dae van hul lewe as sy dissipels te volg (2 Korintiërs 5:17-20).

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

Lukas 12:57-59. Die beste strategie in dissipelskap is om te besluit hoe jy op 'n hofspraak moet reageer. As jy 'n hofspraak nie kan wen nie, vra dan vinnig vir vredesvoorwaardes (skikkingsvoorwaardes) buite die hofspraak om. En met betrekking tot die laaste oordeel (die laaste hofspraak in die menslike geskiedenis) is dit die beste strategie om met Jesus Christus, die Regter van alle mense, versoen te word. Daar is geen ander manier om die ewige verdoemenis te ontloop nie!

Lukas 13:1-5. Die beste strategie vir dissipelskap is om jou te bekeer en in Jesus Christus te glo voordat dit te laat is! Jesus sê, "As julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom!"

2 Korintiërs 6:2. Die beste strategie vir dissipelskap is om dadelik te handel en nie uit te stel nie. "Ky, nou is die regte tyd, nou is die dag van redding!"

Matteus 19:20-24. Die beste strategie vir dissipelskap is om op te gee wat in die pad staan om 'n dissipel van Jesus Christus te word! Iemand moet miskien bepaalde besittings opgee. Iemand anders moet miskien bepaalde ambisies, mag of roem opgee. En 'n derde moet miskien bepaalde verhoudings opgee (Spreuke 1:10,15; Efesiërs 5:5-7). Deur dit te doen sal Jesus Christus by sy wederkoms sy tevredenheid uitspreek!

Lukas 14:34-35; 2 Korintiërs 2:14-16; 3:2-3. Die beste strategie vir dissipelskap is om goeie invloed op jou maatskappy (samelewing) te hê, insluitend jou familie, bure, teenstanders en selfs vyande. Die beste strategie om 'n veldslag te wen is om net soos soute te stry teen morele en geestelike verderf. Dit is om die goeie nuus soos 'n lieflike geur te versprei. Dit is om 'n deursigtelike christelike lewe onder die mense te leef, 'n brief wat deur elke ander mens gelees en verstaan kan word.

C. 'N SAMENVATTING VAN DIE BELANGRIKE ONDERWYSINGS OF LESSE IN DIE GELYKENISSE OOR DISSIPELSKAP IN GOD SE KONINKRYK

Die gelykenisse oor DISSIPELSKAP IN GOD SE KONINKRYK is die volgende:

- Die gelykenis van die oorhaastige bouer in Lukas 14:28-30.
- Die gelykenis van die vermetele koning in Lukas 14:31-33.
- Die gelykenis van die hand aan die ploeg slaan in Lukas 9:61-62 (Sien handleiding 11, supplement 11).

Bespreek. Wat is die belangrikste lesse uit die gelykenisse oor dissipelskap in God se koninkryk? Wat leer Jesus Christus ons om *te weet, te glo, te wees en te doen*?

Aantekeninge. Christene moet toegewyde *dissipels* van Jesus Christus wees.

(1) 'n Mens moet die koste van dissipelskap bereken.

Elke mens is verantwoordelik om die koste van dissipelskap te bereken, veral met betrekking tot die verhouding tot sy ouers, sy vrou en kinders, sy broers en susters en sy eie lewe met al sy ambisies. Die koste kan wees dat hy miskien moet kies tussen Jesus Christus en sy saak enersyds en die verhouding met sy ouers, sy gesin en sy eie lewe met ambisies en sekerhede andersyds.

(2) 'n Mens moet vir of teen Koning Jesus Christus kies.

Elke mens is verantwoordelik om 'n keuse te maak, homself te onderwerp aan die Koning van alle konings of om sy eise te weerstaan. Neutraliteit ten aansien van Jesus Christus is onmoontlik! Hy moet oorweeg wat hy op moet gee, af moet lê, los moet laat ten einde geen verskriklike nederlaag te ly in sy verhouding tot Jesus Christus nie. So iets soos "n klein bietjie Christen wees" bestaan nie! Eenmaal jou geloof in Jesus Christus uitspreek en 'n paar veranderinge in jou lewe aanbring en dan verder lewe soos jy wil, is onvoldoende!

Die slegste strategie en die mees dwase ding wat jy kan doen, is om neutraal te bly en te dink dat jy geen besluit hoef te neem nie! Die beste strategie is om jou met God te versoen deur in Jesus Christus te glo. Die enigste wyse, verstandige en redelike ding wat jy moet doen, is om Jesus Christus as sy dissipel te volg. Christelike dissipelskap beteken om heeltemal oor te gee aan Jesus Christus en wat Hy leer.

(3) 'n Mens moet elke dag 'n dissipel van Jesus Christus wees.

Elke mens is verantwoordelik om homself elke dag en vir die res van sy lewe heeltemal toe te wy om Jesus Christus as sy dissipel te volg. Jesus Christus eis onvoorwaardelike en onverdeelde toewyding in dissipelskap aan Hom!

Die drie gelykenisse leer dat 'n dissipel die koste van dissipelskap moet bereken! Hy moet besluit om 'n dissipel van Jesus Christus te word! Elke dag moet hy weier om om te kyk (na die verlede). Hy moet homself voorneem om slegs vorentoe te bly kyk terwyl hy Jesus Christus volg!

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die oorhaastige bouer” en die gelykenis van “die vermetele koning” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Jesaja 5, 6, 7 en 8**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. (**14 Romeine 10:12**). Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 9:1-33**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.